


Geliefde broeder en suster,

**Ons doen met vrymoedigheid 'n beroep op u met die oog op 'n dringende saak in die versorging van ons emerituspredikante en -weduwees.**

Die Emeritaats-Versorgings Kombinasie is in 1994 deur al die kerke in die Nasionale Sinode gestig om in kombinasie hande te vat en mekaar te help om ons emeriti en hul afhanklikes en weduwees eervol te versorg. Die kombinasie is gestig met die oog op die **verstreke diensjare voor 1994**, toe ons die Predikante Pensionfonds gestig het. Dus vir ons ouer emeriti en hul weduwees.

In 2022 het die kerke in kombinasie saam die *Sorg Met Eer* projek geloods ten einde 'n dreigende 25% vermindering in die versorgingsbedrag te voorkom.

- Die uitstaande verpligtinge wat ons bo en behalwe die ramngs moes insamel was volgens 2023 se berekeninge meer as R11m vir 10 jaar.
- Die situasie het so verbeter dat ons in 2024/25 'n ekstra R6m vir 5,5 jaar moes insamel.
- Vir die huidige 2025/26 boekjaar het dit verminder na R3m vir 7 jaar.

Ons kon ook die afgelope drie jaar 'n geringe verhoging in die versorgingsbedrae wat vir ses jaar dieselfde gebly het aanbring. Ons is die Here daarvoor opreg dankbaar.

Wat egter nou gebeur het is 'n redelik normale verskynsel. In die begin was die opgewondenheid en die toewyding nuut en groot, maar met die jare het dit afgeneem. Die posisie vir die 2025/26 jaar is sodanig dat ons nog nie die eerste miljoen van die benodigde R3m ingekry het nie. Aangesien Sorg Met eer 'n vrywillige projek na vermoë is, doen ons hiermee 'n dringende beroep op ons kerke en individuele lidmate om nog voor einde Junie 'n spesiale bydrae tot *Sorg Met Eer* te maak**. U kan u vrywillige bydraes oorbetaal in**: **Geref. Emeritaatsorg, ABSA rek. 670288412. Verwysing SME en u naam en stuur die bewys aan** wymiedup@gksa.co.za**.**

Help ons in die twee maande wat oor is om die Sorg Met Eer projek, soos in die verlede, ook oor 2025/26 se styl bult te kry. Dit is ons eer!

Ds. Cassie Aucamp